# SONNIES FLITSE

Kwartaal 2 2023

## Hompie Kedompie staan weer op...

Ons almal ken die Engelse kleuterrympie “Humpty Dumpty” en selfs ook sy Afrikaanse vertaling. Hierdie rympie skep ‘n tragiese prentjie met ‘n tragiese einde.
Gelukkig is daar darem ook ‘n ander einde, ‘n alternatief:

**Hompie Kedompie sit op die wal.**
**Hompie Kedompie het afgeval.**
**Die koning se soldate kyk verbaas toe Hompie -**
**opstaan, homself afstof en regruk vir ‘n tweede probeerslag.**

Ons almal val soms, maar dit is die dapperes wat opstaan en weer probeer wat die triomf van oorwinning kan ervaar.

Sonnies, daar is so baie struikelblokke, slaggate, steiltes en laagtes waardeur kinders moet gaan en waaruit hulle moet opstaan. Sonnies Flitse berig graag oor suksesverhale en hoogtepunte. Hierdie kwartaal was weer vol pret, prestasies en spoggeleenthede by die skool, maar ons weet baie goed dat die lewe uit lief én leed bestaan. Terwyl ons in kwartaal 2 nuwe klaskamers ingewy het, Wêreldboekedag en Jeugweek gevier het, ons harte op die sportveld uitgespeel het en 'n eksamen afgelê het, was daar van ons Sonnies wat dalk siek, hartseer, bekommerd of moedeloos was. Ons hoop hierdie Sonnies sal goed uitrus en in hierdie vakansie hulle batterye herlaai.

Ons wil graag vir elke Sonnie aanmoedig om met moed, dapperheid, deursettingsvermoë en veerkragtigheid op te staan na elke val.

Aanhouer wen régtig!

**Psalm 31: 25**
**Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel.**
**Psalm 94:18**
**Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here.**

Sonnies, staan op, staan vas, staan sterk!



Juf. Marilette van der Walt

# Uit die hoof se kantoor:



"O koud is die windjie en skraal. En blink in die dof-lig en kaal, so wyd as die Heer se genade…"

Vanuit hierdie bekende versreël uit die gedig, "Winternag", beleef ek, dalk ook soos Eugene Marais van ouds, twee teenstydighede, eers die van pyn en lyding wat deur snerpende koue meegebring word en dan weer die vergelyk van wydverspreide grasvelde met die wonder van God se genade wat berusting en 'n gevoel van warmte en vrede laat soos net die natuur in sy oopheid kan hê.

Dit is 'n werklikheid dat die seisoene skofte ruil en die warm sonskyn moet plek maak vir 'n koue windjie wat snerpend deur ons sny. Hoe is die lewe dan anders? Sekerlik, net soos Eugene Marais dit beleef het in sy eie stryd teen verslawing, het elkeen van ons ook soms sy of haar eie "Winternag" om deur te worstel. Die oomblik wanneer elke druppel dou vinnig tot ryp in die koue verbleek. Dan volg die wonder… die besef van hoe groot ons Heer se genade is. In liefde nooit verlaat. Eind'loos…wyd soos die grasvelde "in sterlig en skade…"

Hierdie kwartaal het gekom en ons was gereed om nog hoër hoogtes te bereik. Nou is die spreekwoordelike slag gelewer en staan ons 'n oomblik stil met 'n terugblik om die "monumente" te bewonder. Daar is verskeie hoogtes bereik en nou behoort elke leerder en onderwyser self sy of haar monumente te bekyk. Die oomblik om uit die boom te klim en jou eie snoeiwerk te beskou, het aangebreek. Net jy en jou Skepper sal weet…

Dankie aan elke leerder wat hard gewerk het om sy of haar "monument" te bou. Verseker sal dit jou rekenskap wees van talente aangewend. Baie dankie aan elke onderwyser wat steeds sy of haar leerders eerste gestel het. U kosbare handewerk aan elke "monument" gaan dikwels ongesiens en prysloos verby, maar tog dra dit ewigheidswaarde wat niemand kan ontken nie. U beloning lê op 'n heeltemal ander vlak wat onsigbaar vir baie is.


Baie dankie aan Juf. Marilette en haar spannetjie vir julle harde werk en toewyding om hiermee verslag te lewer oor kwartaal twee. Ons sal weereens hierdie praguitgawe, waarin elkeen se mooi gesindheid in beeld geplaas is, geniet!

Aan elke matrikulant wil ek sterkte toewens met die winterskool gedurende die vakansie. Gebruik die geleentheid om nader te kom aan jou droom! Dankie aan elke onderwyser wat hiermee ook die spreekwoordelike ekstra myl gaan loop.

Ek wens u almal 'n rustige, warm en veilige vakansie toe! Herlaai die batterye want "hef-aan" lê voor!

Seënwense en Sonnies-groete!

Steven Weber



Steven Weber
Skoolhoof



Lynn-Mari Burger
Administratiewe hoof



Jane Weber
Grondslagfasehoof



Petro Rudolf
Intermediêre fase-hoof



Letitia Smit
Senior en VOO-fasehoof



Willem de Lange
Tegniese vakke fasehoof



Sonja Jooste
Adjunkhoof

# SONNIES SKUD HUL LYFIES OP MAAT VAN "LYFIE"

Bernice West het 'n gewilde dansgier onder skole wakkergemaak met haar liedjie "Lyfie" en Sonneveld Akademie se leerders het ook nie op hul laat wag nie.

Vir 'n paar weke het die kultuurperiode plek gemaak vir dansende Sonnies-lywe wat gou die danspassies onder die knie gekry het. Nie net het dit tot groot geesvang onder die leerders gelei nie, maar die "onnies" het ook hul waardigheid op die spel geplaas en heerlik saamgedans.

Q2V Productions het die opgewondenheid op video vasgelê en op 17 Maart is die eindproduk bekendgestel aan die leerders in die saal. Die reaksie was oorweldigend en leerders het dit geniet om hulself in aksie te sien. Die video is gedeel op al Sonneveld Akademie se platforms en het heelwat reaksie uitgelok onder familie en vriende.

Nou wag Sonnies op Bernice se volgende uitdaging!

Die video is beskikbaar op die volgende QR kode.



Karli Visagie



# Meer spasie vir die Sonnies-nasie!

Drie splinternuwe, mooi, ruim klaskamers is aan die begin van kwartaal 2 betrek. Afrikaans, Toerisme, Wiskunde en Tegniese vakke word onder andere hier aangebied. Die gelukkige leerders wat hier skoolgaan, geniet beslis die nuwe klaskamers. Die gelukkige personeel is net so in hulle noppies met die spogklasse.

Marlizelle Burger

























# LEESBOEKE, BOEKE LEES, LEESFEES…



Ek begin maar die artikel met 'n paar prentjies – hopelik inspireer dit julle om verder te lees…Kan julle dalk raai waaroor ek gaan skryf?




Ja, julle raai reg, ek skryf vandag 'n bietjie oor die onlangse boekuitstalling en -verkoping wat ons in die saal gehad het. Vir hierdie tale-juffrou, was dit eenvoudig delumptious!! Dankie Roald Dahl vir so 'n heerlike woord, wat presies beskryf watse groot lekkerkry dit was vir elke boekwurm om soveel boeke bymekaar te sien.

Almal onthou seker nog die dag toe die beroemde skrywer Jaco Jacobs kom inloer het? Dit was pret om vir 'n uurtjie of so, saam met hom te kon kuier. Daar was toe 'n hele paar onderwysers en leeders wat wou weet of ons nie van sy boeke by die skool kon bestel en koop nie. En, met 'n groot dankie aan tannie Suzette vir al die reëlings, het dit toe sowaar gebeur. Daar was boeke van talle skrywers in beide Afrikaans en Engels. Met interessante (of is dit eerder gross) titels deur Jaco Jacobs soos: *Wurms met tamatiesous en ander lawwe rympies; Moenie hierdie boek eet nie; Dinge wat ek nie van skape geweet het nie; 'n Goeie dag vir boomklim; Oupa Zombie en Oor 'n motorfiets, 'n zombiefliek en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* en nog vele meer, is ons lekker bederf en het ons te heerlik gekoop! En al sal ek nou noodgedwonge net brood en Bovril vir die volgende paar weke kan eet, was dit elke rand werd.

En net om seker te maak, ek eet nie verniet brood en Bovril nie, het ek bietjie gaan navors oor die waarde van lees – ek bedoel regtig lees, nie strokiesprente kyk nie…

- Eerstens word jou woordeskat en begripsvermoë uitgebrei deur die gereelde lees van boeke, (dan sal al die graad 7's sommer dadelik weet wat cajole beteken);
- dit verlaag jou spanningsvlakke (ja, joune ook, juf. Margeaux!);
- dit help jou om beter te slaap (al lees jy van Oupa Zombie);
- dit voorkom 'n afname in jou kognitiewe vermoë (jy sal beter verskonings kan uitdink as jy nie jou LO-taak gedoen het nie – hier sal ek eerder nie name noem nie, Graad 12's!);
- dit verbeter jou konsentrasievermoë;
- dit verbeter jou algemene kennis (dan sal nie net Ruan weet wat 'n minnow is nie!);
- dit help ons om empatie met ander mense te hê (vra vir juf. Carina wat die woord beteken, as jy nie weet nie); EN
- dit mag selfs veroorsaak dat jy langer leef (dan lees almal dalk eendag van 'n sekere Meneer Weber - die oudste skoolhoof in die land).

Mag elkeen van julle hierdie wintervakansie heerlike avonture beleef en wonderskone, magiese plekke besoek, sommer daar in die bladsye van jou boek!




Juf. Petro Rudolph





# Swaai die verfkwas, sing, dans en vermaak die mense



Kuns is 'n delikate, mooi stuk werk om na te kyk en in te neem, om jouself te verloor tussen al die lyne en teksture. Maar ons praat nie nou daaroor nie, ons gaan gesels oor die uitstekende talentvolle leerders van Sonneveld Akademie.

Die kunstefeeste het skaars begin en punte is nog nie eers toegeken nie, maar almal het al volspoed begin om te skets, verf, inkleur, plak en hulle kunstige verbeeldings aan die gang te kry. Ons het heelwat leerders wat kunstig is: Kahlan Duvenhage, Mieke Steenkamp, Nathan & Liam Lues, Kaylee Deetlefs, Karlien Fourie, Twané en Zetske van Niekerk, Zananté Henning en Maarten van Jaarsveld om net 'n paar te noem. Die name en talente is eindeloos... ek hoop dat elke leerder wat kunstig is hierdie jaar sal inskryf.

Timothy Weber wat redenaars doen, leef sy passie vir tale uit deur die beoordelaars te oorreed van sy standpunte. Benriku Oosthuizen wat uit volle bors sing om al die note mooi in plek te laat val, laat sit die gehoor met sy soete sang op die punt van hulle stoele. Dan is daar ook nog Luca-Leigh Nieuwoudt en Heinrich Burger, ons Deo-Dramaspan, wat die beoordelaars met hulle tonele laat skaterlag. Hulle sê mos, lag is die beste medisyne en dié twee se sê-goed en beweeglike lywe speel lekker saam met hulle woorde.

Die kultuurseisoen het nou-net begin, maar ek het geen twyfel dat Sonneveld se leerders uitstekend gaan doen in hierdie kompetisies nie. Ek sien uit daarna om 'n opvolg artikel te doen in kwartaal drie wanneer die toekennings en prestasies begin inrol.

Swaai die verfkwas, sing, dans en dramatiseer julle harte uit Sonnies!

Marlizelle Burger



# Sonnies vier Wêreldboekedag op 21 April.















Baie geluk aan juffrou Ilze en die graad 10's wat beslis die wenspan was!



# Hemelvaart



Die Hemelvaart van Jesus bring dikwels by ons die gedagte op van weggaan, van afskeid neem, van totsiens sê. Hy het immers voor die oë van sy dissipels opgevaar na die hemel waar Hy agter 'n wolk verdwyn het en sy dissipels, maar ook vir ons agtergelaat het. Tog het Hy ons nie alleen agtergelaat nie, nee na sy hemelvaart het Hy vir ons die Heilige Gees gestuur om in ons te woon en geloof in ons te werk en as waarborg dat ons ook in die hemel sal kom, gee Hy sy Gees aan ons.

Dáárby het Hy ook opgevaar tot ons beswil, want Jesus het nie net opgevaar na die hemel toe nie, Hy het daarheen gegaan as ons voorspraak en waarborg dat ons ook daar sal kom. Hy het ons vooruitgegaan hemel toe: want dit is waar ons tuiste ook is.

In Joh. 14 sê Jesus dat Hy na die hemel opgevaar het om vir ons plek gereed te maak. Maar wat beteken dit dat Jesus vir ons plek gereed maak? Dit beteken dat Hy ons Voorspraak by die Vader is. As ons vir die soveelste keer gesondig het, God se wet oortree het ...dan vra Jesus dat die Vader ons moet vergewe omdat Hy reeds vir ons sondes aan die kruis betaal het.

Niemand kan in die hemel kom sonder Jesus Christus as voorspraak nie. Jesus sê immers self: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur my nie." Dit is net Jesus wat vir ons by die Vader kan intree sodat ons veilig in die hemel kan uitkom.

En dit is vir elkeen van ons wat glo 'n groot troos om te weet dat Christus ons voorspraak by die Vader is. Johannes sê ook: "En as een van ons sondig—ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader" (1 Joh. 2:1). En ook Paulus beklemtoon dit in Rom. 8 dat Christus vir ons intree en vir ons pleit.

A.g.v. Jesus se hemelvaart is Hy, kan ons maar sê ons toegangskaartjie om in die hemel te kom. Deur sy voorspraak sorg Christus dat ons plek in die hemel behoue bly. Soek daarom die dinge wat daarbo is, waar Christus is. En jy doen dit as jy God lief het met jou hele wese.

Jesus sê ook dat Hy ons kom haal nadat Hy vir ons plek gereed gemaak het, sodat ons kan wees waar Hy ook is (Joh. 14:2,3).

Daarom, kom ons leef met ons koppe omhoog, kyk na Jesus Christus. Want ons Here is in die hemel en Hy kom om ons te haal. Hy is ons skat en ons weet waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

Maarten van Jaarsveld



# WINTERSPORT SORG VIR ENTOESIASME EN PRET

Na 'n paar jaar wat daar geen sport was nie, het Sonneveld Akademie se leerders die jaar weer kans gekry om hulle wintersporttalente af te stof en te wys waarvan hulle gemaak is.

Op 20 Mei het Sonnies vir Bergvesting genooi vir 'n dag van netbal en rugby. Daar was 'n lekker opwindende gees wat hierdie dag geheers het. Leerders van beide skole het hulle beste gedoen en die ondersteuners het kans gekry om hulle spanne geesdriftig te ondersteun. Slegs die laerskool het aan die sportdag deelgeneem.

Op 27 Mei het Sonnies die lang pad gevat na Bergvesting vir 'n lekker dag van netbal en rugby. Weereens was dit 'n opwindende dag. Selfs die hoërskoolleerders kon nie die gees van entoesiasme weerstaan nie. Hulle het saam die langpad aangedurf en ook twee wedstryde elk gespeel.

Sonneveld wens die Gr. 4 tot 6-rugbyspan baie geluk. Hulle was op albei geleenthede die span van die dag met hulle skitterende spel.

Bergvesting het Sonnies se onderwysers en mammas ook uitgedaag vir 'n netbalwedstryd.

Ongelukkig het ons verloor. Ons onderwysers het vinnig agtergekom dat ons onfiks is en dalk ook so paar keer om die baan moet gaan draf.



Juffrou Yolanda van Rooyen







Van links na regs: Gabbie Troskie, Michke van den Berg, Abi Robinson, Kaylin Möller, Deyshana Bauermeister,  Nadine Steyn en Marluzaan van den Berg




Van links na regs: Anneke Swart, Dianke Vrey, Suzette Binneman, Bianca Delport, Yolanda van Rooyen, Sonja Kromhout en Angelique Jordaan




















# SONNEVELD SKIET HOOG!



Sonneveld Akademie is geseën om hierdie jaar skuts te hê wat so uitblink. Daar is al vier proewe geskiet en niks kon ons skuts terughou om sukses te behaal nie, nie eens die land se beurtkrag nie.

Die eerste proewe van die jaar ontvang Christiaan van Jaarsveld die goue medalje en Timothy Weber die brons medalje in die o/14 Pistool klas. In die o/12 Pistool klas stap Karien Drotskie weg met die goud, Daniella Carter met die silwer en Morné Lubbe met die brons. Jan-Hendrik Venter ontvang 'n silwer in die o/21 Sporter klas.

Die skuts gebruik proewe een as motivering en kom terug na proewe twee met meer deursetting wat niemand kan buig nie. Christiaan ontvang weer die goud en Timothy kort op sy hakke met die brons. Karien hou haarself in die eerste plek maar met die proewe maak Vaughn Dietrechsen homself bekend en ontvang die silwer medalje en Morné Lubbe die brons in die o/12 Pistool klas. Jan-Hendrik ontvang op hierdie geleentheid twee silwer medaljes en Marluzaan van den Berg is twee brons medaljes ryker in die o/16 Sporter klas.

Op proewe drie raak die kompetisie behoorlik warm!

Ons pistool skuts wys ons weereens hoekom hulle in die span hoort maar hierdie keer is dit Heinrich Burger se "time to shine" en hy ontvang die brons medalje in die o/14 Pistool klas. Marluzaan van den Berg ontvang ook die Sporter 10m silwer medalje.

Proewe vier wat nou onlangs geskiet is, het die skuts bewys dat met harde werk sal jy die vrugte pluk. Christiaan van Jaarsveld verwerf weer die goud en Timothy Weber die brons. In die o/12 klas ontvang Karien Drotskie die goud en Daniella Carter die silwer. Jan-Hendrik ontvang 'n brons vir die 3p, Marluzaan maak die silwer hare in beide die 10m en 3p en Chenelle Dietrechsen wat vir haar 'n brons los skiet in die 10m. Louis Jordaan ontvang twee brons medaljes vir beide die 3p en 10m in die o/21 Veer klas.



Marluzaan van den Berg

# Dames, lig julle koppies hoog op!

Dames van die verlede en hede drink graag tee, of dit vir 'n byeenkoms of net vir die lekkerte is, tee is wat ons dames bymekaar laat kom!

Sonneveld Akademie het op Saterdag, 13 Mei die vrouens bederf deur 'n Damestee te hou. Die voorbereidings het volspoed op Vrydag, 12 Mei begin in die skool se kooksentrum waar ons kokke, juffrou Alecia, tannie Lindie en tannie Suzette gebak en gebrou het te midde van beurtkraguitdagings. Die onderwysers en leerders het elke kort -kort kom hand bysit om die kos klaar te kry. Teen laatmiddag het nog 'n paar leerders en personeel ingespring om 13-tafels se platters te pak en te gaan aflaai by die saal.

Saterdagoggend om 7:30 was die kerksaal se kombuis in rep en roer vir die laaste voorbereidings voordat die funksie om tienuur begin het. In die saal het die gasvrouens elke tafel versier en haar eie unieke en mooi stempel daarop afgedruk. Soos ek tussendeur die tafels gestap het, was ek verwonderd hoe mooi die tafels versier was. As ek 'n beoordelaar moes wees, sou ek nooit kon kies nie. Almal was net té mooi!


Die dames is bederf met heerlike eetgoedjies terwyl hulle na gassprekers kon luister en kuier. Hulle is vermaak deur die soete klanke van Luca-Leigh Nieuwoudt en Benriku Oosthuizen se sang. Ons het ook 'n paar leerders gehad wat die personeel kom help het om van die dag 'n sukses te maak.

Heinrich Burger het die tafels afgedek en help skoonmaak na die tyd. Die onderwysers het hom goed besig gehou met opruimwerk. Michelle Fourie, Rika Oosthuizen en Marlizelle Burger het die kinders opgepas tydens die funksie en ook hand bygesit om op te ruim. Mnr. Alan van Veen was natuurlik ook op sy pos as klankman. Die drie manne het beslis uitgestaan tussen amper 150 vrouens.

Mnr. Weber, ons hoof, het na die funksie die oorblywende spinasie-spek- plaatkoekies ontdek. Juffrou Jane, ek stel voor Juffrou kry die resep by Juffrou Alecia. Ek kon sien Mnr. hou baie daarvan!

Die dag was 'n reusesukses, ons kan nie wag om die manne volgende te bederf nie!

Marlizelle Burger
























# Leer en presteer




Graad 1 - Top 5 - Kwartaal 1


Graad 2 - Top 5 - Kwartaal 1


Graad 3 - Top 5 - Kwartaal 1


Graad 4 - Top 5 - Kwartaal 1


Graad 5 - Top 5 - Kwartaal 1


Graad 6 - Top 5 - Kwartaal 1



Graad 7 - Top 5 - Kwartaal 1



Graad 8 - Top 5 - Kwartaal 1



Graad 9 - Top 5 - Kwartaal 1



Graad 10 - Top 5 - Kwartaal 1



Graad 11- Top 5 - Kwartaal 1



Graad 12 - Top 5 - Kwartaal 1



Grondslagfase
Top 10
Kwartaal 1

Intermediêre fase
Top 10
Kwartaal 1





Senior fase
Top 10
Kwartaal 1



VOO
Top 10
Kwartaal 1

## Akademiese Presteerders - Top 10 Kwartaal 1



**Hier by Sonneveld Akademie is dit 'n groot eer om in die top 5 en top 10 te verskyn. Sonnies werk elke kwartaal baie hard om net die beste prestasies te behaal. Laas kwartaal is daar aangekondig dat die toppresteerdeer van elke graad ook op die Uitblinkersbord sal verskyn. As trotse Sonnies probeer ons om mekaar te ondersteun en te motiveer en ook om ons bes te doen.**

Lorilia Da Encarnacao



# JEUG-WEEK


















# ‘N SONSTRAAL VIR PETRONEL



Geskryf deur: Juffrou Fien Viljee



Hoofstuk 1

*Ahhh, pure bliss! Solitude at last! And freedom. Thank goodness she could get out of the hustle and bustle and come hide away in this absolute Eden. If it weren’t for this place, she doesn’t know whether she’d be able to survive the wretched misery of her existence. No, no, none of that in this untarnished paradise, she cautioned herself. Three weeks of nothing but fresh air, good sleep and her own company – surely these aren’t reasons for complaints?*

“Agge nee! Delete, delete, delete,” mompel die meisie wat met haar bene gekruis op die tuinbankie sit en na haar laptop staar soos wat sy gewoonlik na mammas kyk wat hulle klein kindertjies se halfgekoude toffies ewe geduldig uit ‘n taai handjie vat en in hulle eie monde druk. “Ek sal nooit die Engelse onnie met sulke swak skryfwerk kan oorreed om my die hoofskrywer te maak van die Engelse toneelstuk vir die skool se jaarlikse drama en toneelfees nie, Sofia,” praat sy kopskuddend met die grys kat wat haar met groot, groen oë stip aankyk. Met ‘n sagte sug strek sy haar bruingebrande bene voor haar uit en loer na haar selfoon se skerm. Sy spring vinnig op wanneer sy besef dat sy alweer hopeloos te veel tyd aan haar skryfwerk spandeer het.

“Petronellll!” hoor sy die geïrriteerde stem van haar kleinboet, voordat hy met ‘n spoed by die somershuisie se trappe opgehardloop kom. “Nes ek gedink het,” sê hy uitasem, “alweerrrr besig met die alewige drama-skrywery.”

“Wat soek jy, Herman?” vra sy, terwyl sy haar goedjies bymekaar kry. “Dis nie wat ék soek nie, maar wat Riekert soek, of seker eerder wié, ou Riekert soek,” antwoord hy tergerig en kyk met grootgerekte oë na sy sus. ‘n Ligte blos kruip teen haar nek op en met ‘n klik van haar tong sê sy, “Ag, Herrie, moet jou nie simpel hou nie. Ons moet saamwerk aan die taak wat ons in Lewensoriëntering gekry het en daarom moet ons met mekaar praat. Gaan speel tog Counter Strike of gaan doen liewer bietjie huiswerk vir ‘n verandering.” Herman steek vir haar tong uit en hardloop oor die perfekte groen grasperk, terwyl sy vinnig aanstap na die agterdeur.

Hy staan met sy lang bene gemaklik gekruis by die enkels, terwyl hy teen die deurkosyn leun en is in ‘n ernstige gesprek gewikkel met haar pa, wat vroeg tuis is van ‘n vergadering. Sy soen haar pa liggies op die wang en staal haarself vir die ligte skok wat sy elke keer ervaar, wanneer Riekert met sy donkerblou oë na haar kyk asof hy dwarsdeur haar sien. “Middag, Riekert,” groet sy sag en hou haar selfoon en laptop half beskermend voor haar bors vas. “Hallo, Petronel,” antwoord hy en sy sien die mooi kuiltjie in sy linkerwang, toe hy sy kenmerkende skewe glimlag in haar rigting gee. Sy is effens onseker oor waarom hy daar is, want hulle het afgespreek om eers die volgende middag bymekaar te kom om hulle beplanning te doen. “Nou ja, dan los ek julle om te gesels,” sê haar pa en stap in die rigting van sy studeerkamer.

“Jammer dat ek so ongenooid hier aankom, maar ek het ‘n krisis wat môre betref,” sê Riekert rustig en sy oë vee vlugtig oor haar bene in die denimkortbroek. Petronel trek haar asem liggies in en antwoord dan met ‘n kalmte wat sy glad nie voel nie, “Dit is alles reg. Ons herskeduleer dan vir ‘n ander dag.” Hy haal sy selfoon uit sy sak en nadat hy vinnig daarop gekyk het, sê-vra hy, “Saterdag, so tien uur se kant?” Sy knik haar kop en is dankbaar dat sy vir Lucia gesê het sy kan nie Saterdag saam met hulle mall toe gaan nie. “Okay, dan sien ek jou Saterdag,” onderbreek hy haar gedagtes.

Sy stap saam met hom voordeur toe en staan eenkant sodat hy kan verbykom. Die vars speseryagtige reuk wat sy altyd kry as hy naby haar is, duisel haar sinne en sy hou die deurhandvatsel stewiger vas. In die deur draai hy om en lyk of hy iets wil sê, maar besluit dan daarteen en met ‘n wuif draf hy by die trappies af en verdwyn in die lang oprit tussen die laning koorsbome.


Petronel blaas haar asem stadig en doelbewus uit. Die ou het net die vermoë om haar uit te boul. Die ergste van alles is daardie oë wat dwarsdeur haar kyk, so asof hy haar net terloops raaksien. En natuurlik sal hy, want Riekert Awerbach kan net sowel op ‘n ander planeet bly. Vir haar is hy ietwat van ‘n raaisel, want alhoewel hy hoofseun is, is hy boonop die top akademiese leerder in die skool, die beste redenaar in al die skole in hulle area, hulle skool se swemkampioen, en die lead guitarist in die skool se band, maar het hy nie eintlik close vriende nie; in elk geval nie waarvan sy weet nie. O, hy kom wel met almal uitstekend goed oor die weg - al die ouens hou van Riekert, al is hy nie die eerste rugby- of krieketspan se kaptein nie en al die meisies is gek oor hom, maar sy kon nog nooit agterkom dat hy spesiale maats het, met wie hy eksklusief vriende is nie. En die feit dat hy nie ‘n meisie het nie – dít is sekerlik die vreemdste van alles! Riekert is ‘n total dish - met breë skouers, perfekte hare, ‘n spierwit glimlag en by dit alles is hy regtig ‘n gawe, likeable ou, wat so gemaklik in sy vel is, dat mens nie anders kan as om van hom te hou nie. Tot selfs die onnies hou dan van hom! Vroeër die jaar, op Valentine’s Day, het hy hordes kaartjies gekry en vir elke pouse daardie week het iemand, anoniem natuurlik, ‘n liedjie aan hom ge-dedicate op die skoolradio. Die soetsappigste love songs – dit was om van naar te word. Sy wens net…
”Petronellllll!” skree Herman kliphard reg langs haar en sy wip soos sy skrik. “Herrie, ek gaan jou nek omdraai,” sê sy vies en hardloop agter hom aan, terwyl hy laggend in die gang afstorm.


Heelwat later die aand lê Petronel op haar bed en blaai deur die nuutste Sarie-tydskrif. Die modes lyk so mooi vir die komende winterseisoen. Sy sal haar sakgeld moet spaar, om vir haar nuwe stewels te koop; miskien ‘n mooi bruin paar om by haar donkerblou jeans te dra. Haar foon pieng en sy tel dit op terwyl sy net skrams na die skerm kyk. Dit is Lucia, wat ‘n goeienagboodskap stuur. Sy sien dat dit al baie laat is en nadat sy haar geantwoord het, bid sy vir almal soos haar gewoonte is, skakel die bedlampie af, en binne minute is sy vas aan die slaap.

=

Die volgende middag na skool, is dit atletiekoefening en Petronel is besig om op te warm, toe sy vir Riekert sien aangestap kom oor die atletiekbaan. Sover soos hy loop, is daar oral kinders wat hom vriendelik groet. Van die graadagts kom aangehardloop om hom met die hand te groet. Die graadnege-bakvissies giggel histeries as hy in hulle rigting kyk en wuif. Sy rol haar oë en gaan aan met haar strekoefeninge. “Hallo Petronel,” groet hy sag agter haar en sy kyk om – vas in daardie middernagblou kykers wat so amok maak met haar ingewande. “Haai,” antwoord sy so kalm as moontlik en neem ‘n slukkie van haar water. “Ek is jammer om te pla terwyl jy oefen, maar ek wou net kom hoor of dit reg is as ons mekaar sommer by die biblioteek ontmoet?” vra hy. “Dis reg, ek sal my pa vra om my daar af te laai, voordat hy gaan golf speel. Dan kan ek solank met die navorsing begin, terwyl ek vir jou wag?” antwoord sy. “Dit is piekfyn en baie dankie dat jy bereid is om by die veranderde reëlings in te val,” sê hy en weer kan sy sien dat hy nog iets wil sê, maar homself bedink en dan met ‘n vinnige “Lekker oefen,” omdraai en wegstap. Sy wil agter hom aangaan, maar besluit dan daarteen en draf ligvoets in die rigting van Mnr. Bruwer, die atletiekafrigter om te gaan aanmeld vir nog ‘n moordende sessie.

# AKTIWITEITSBLAD





Nadine Paddock
Graad 9
1. Waarom huil die Egiptiese baba?
Hy soek sy mummie.
2. Wat is hiërogliewe?
Mummie-GRAFFITI.

Marudé Steenkamp
Graad 9
1. There's no pen, no paper, no pencil but you still draw my attention.
2. Math always talks about x and y but never about u and i.
3. I can't wait till you realize I am the 1 4 u.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | a | w | f | s | s | s | v | w | b | h | e |
| i | e | m | w | i | n | t | e | r | p | a | c |
| w | f | u | n | g | e | o | u | h | e | n | o |
| y | q | u | o | r | e | w | k | o | u | d | l |
| s | e | r | p | h | u | m | i | y | g | s | d |
| c | g | n | j | i | m | a | i | e | l | k | f |
| i | c | i | c | l | a | n | k | y | o | o | l |
| y | t | s | y | c | n | m | j | p | v | e | w |
| m | s | n | o | w | f | l | a | k | e | n | i |
| y | w | e | f | d | k | o | n | k | s | e | c |
| s | n | e | e | u | v | l | o | k | k | i | e |
| i | m | u | e | n | a | m | e | l | j | k | u |

koud

sneeu

ys

winter

sneeuvlokkie

sneeuman

handskoene

serp

